

Storie

Ali en die verf

Eendag het mnr. en mev. Ibrahim 'n winkel besit. Hulle het elke dag in die winkel gewerk. Eendag kom mev. Ibrahim van die werk af huis toe en sy het twee geskenke in haar sak – een vir Musa en een vir sy klein boetie, Ali. Sy haal een geskenk uit haar sak. Dit is groot en rond. Ma lees die kaart. Dit sê, "Liewe Ali, liefde van Mamma en Pappa". Wat dink julle is in die pakkie? Ali maak sy geskenk oop. Ja, dis 'n bal, 'n mooi, rooi bal! Ali sê, "Dankie, Mamma!" en hy neem die bal en gaan speel buite met sy maats.

Mamma lees die kaart op die ander geskenk. Dit sê, "Liewe Musa, liefde van Mamma en Pappa". Musa kyk na sy geskenk. Dit is reghoekig. Hy neem die reghoekige geskenk en maak dit oop, en dit is wat hy kry: Daar is vier potjies verf en 'n verfkwas! Musa is só bly want hy hou daarvan om prentjies te skilder. Hy sê, "Dankie, Mamma. Ek is baie bly. Ek sal 'n prentjie vir Mamma en 'n prentjie vir Pappa skilder."

Toe Musa klaar geskilder het, bêre hy die verf weer in die boks en sit dit op die tafel. Waar het hy die verf gesit? O ja! In die boks, op die tafel. Musa gaan speel buite met sy vriende.

Terwyl hy buite speel, gebeur daar iets. Luister – ek sal vir julle vertel. Klein Ali kom binne en hy sien die reghoekige boks op die tafel. Hy wil kyk wat in die boks is. Hy stoot dus die stoel tot langs die tafel en... wat dink julle doen hy? Ja, hy klim op die stoel en dan klim hy op die tafel. Wat dink julle doen hy nou? Ja! Hy maak die boks oop en haal die rooi verf, die blou verf en die groen verf uit.

En weet julle wat doen hy toe? Ali maak die potjie groen verf oop en smeer dit aan sy neusie. Wys my julle neuse en wys my hoe hy groen verf aan sy neus gesmeer het. Toe maak hy die potjie rooi verf oop en hy smeer die rooi verf oor sy magie. Wys my hoe julle rooi verf oor julle

In hierdie storie is daar baie geleenthede om die betekenis van woorde te demonstreeer. Een groep woorde is voorsetsels soos: in, op, langs en buite. Speel toneel met die poppe en rekwisiete terwyl jy die storie vertel en vra die kinders later om die toneeltjies in die klaskamer op te voer. Jy kan sê, "Benjamin, wil jy die rol van Ali speel? Maak asof jy die verf op hierdie tafel in die hande wil kry. Stoot die stoel tot langs die tafel. Klim nou op die stoel. Klim nou op die tafel." Nog 'n groep woorde is kleurwoorde. Gebruik die potjies verf speels om seker te maak die kinders ken die name van die kleure. Jy kan sê, "Watter kleur het Ali sy neusie geverf? Groen! Dis reg. Xoli, kan jy die groen verf vir Ali gaan haal?" Jy kan ook op die vorms van die geskenke fokus – rond en reghoekig.



magies smeer. Mmmm, dit voel so lekker! Toe maak hy die potjie blou verf oop en hy smeer die blou verf oor al sy toontjies. Kan julle julle tone wikkkel?

Nou het klein Ali groen verf op sy ... neus. Rooi verf op sy ... magie. En blou verf op sy ... tone. Hy waai sy hande só en hy lag en lag. Weet julle watter kleur verf het in die boks oorgebly? Ja! Die geel verf het in die boks oorgebly. Maar Ali het nie die potjie geel verf geneem nie, want net toe kom mev. Ibrahim in en sy sien hom.



Skryf die rympie op 'n groot stuk koerantpapier of karton en moedig die kinders aan om die rympie te 'lees'. Hulle sal dit uit hul hoof opsê maar dit sal hulle soos lesers laat voel en hulle sal dalk woorde en letters begin opmerk.

Ali lag en klap sy hande. Mev. Ibrahim sê, "Ali! Wat maak jy?" Toe glimlag sy en sy sê, "Jou neusie is groen. Jou magie is rooi. Jou tone is blou. En ek's lief vir jou!" Mev. Ibrahim neem vir Ali na buite en sy was sy neus. Sy was sy magie. Sy was sy tone. Sy bêre die verf in die kas sodat Ali dit nie weer kan kry nie.

Fluit-fluit, my storie is uit!

*Jou neusie is groen
Jou magie is rooi
Jou tone is blou
En ek's lief vir jou!*